
# HOOFSTUK IV.

## SIELKUNDIGE OORWEGINGS.


### 1. Aandeel van die Harsings by Spraakproses.

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat alleenlik wanneer die persoon wat luister, verstaan wat ons sê, die spraakfunksie afgerond is. Spraak is die middel vir sosiale kontrole en is in die eerste instansie 'n intellektuele verskynsel. Dit ontstaan deurdat 'n bepaalde situasie sekere breingedeeltes stimuleer; vandaar gaan die boodskap na ander breingedeeltes wat die beweging van die spiere van die spraakorgane kontroleer. Klanke word in 'n bepaalde volgorde voortgebring en van die harsinggedeelte bestuur waar ondervinding hierdie betekeniseenhede vroeër vasgelê het, deur middel van geluidsgolwinge wat uit lugdrukveranderings bestaan. Hierdie lugdrukvariasies waar hulle in horisontale rigting beweeg, bereik by die normale mens die oor van 'n werklike of denkbeeldige hoorder; daar laat dit die trommelvlies van die oor met die lugdrukverandering meebeweeg: op sy beurt stel dit 'n been-meganisme in die binne-oor in werking wat dan die golwingsbewegings versterk oordra op die vloeistof van die slakkehuis. Binne die slakkehuis word die uiteindes van die duisende klein, gevoelige senuwees elk volgens sy gestemde golftrillings gestimuleer. Van hieraf gaan die senuweeboodskappies na die harsinggedeelte in die slaap-lob, onderkant die gleuf van Silvius. Die persoon hoor dan klanke, maar verstaan hulle nog nie. Dis eers as die senuweesboodskappe van daar oorgaan op die gedeelte onmiddellik daarnaas, dat spraak verstaan word. Hierdie gedagte is op sy beurt weer verbind met die gedeeltes waaruit die bewegings van die spraakorgane bestuur word, asook met die innerlike spraak-sentrum, waaruit die hand wat skrywe bestuur word, of die gesigsassosiasie-sentrum, wat ons in staat stel om wat ons lees te verstaan.

Dis 'n baie sketsmatige beeld van wat in die werklike spraakproses aangaan. Die kontrole is baie ingewikkelder. Ons dink daaraan dat nie alleenlik die gehoorsintuig 'n vername rol speel nie, maar ook die gevoels- en die gesigssintuie om die kontrole oor die spraakbewegings te help



uitvoer en om die fynere skakerings van die spraak makliker te help begryp. Ook het moderne navorsing op die gebied van die funksionering van die harsings bewys dat ons nie geregtig is om bepaalde gebiede vir bepaalde




**Harsingkontrole, volgens Stein, Fröschels, e.a.**

Linkerharsinggedeelte by regshandige persone.

V.L. = Voorhooflob; T.R. = Transkorteks, die assosiasiesentra; B. = Broca se sentrum vir die bestuur van die motoriese bewegings vir spraak;
A. = Akoestiese waarnemingsentrum, waar klanke waargeneem dog nie verstaan word nie.
W. = Wernicke se sentrum waar klanke begryp word; G.R. = Gleuf van Rolando; G.S = Gleuf van Silvius; S.L. = Slaaplob, waar die hoorproses in die harsings plaasvind;
T. = Sentrum van tassin; S. = Innerlike spraaksentrum, waarvandaan skrif bestuur word;
O. = Optiese waarnemings- en begripsgebiede;
Kh. = Kleinharsings, waar nucleus van motoriese senuwees is;
R.M. = Rugmurg met medulla, waar asemhaling bestuur word.

U sien hoe in die transkorteks assosiatiewe verbinding tussen die ander sentrales, soos gesig, tassin, skrif, gehoor, ens. plaasvind.

funksies af te sonder nie. Ons tekening is om duidelikheidsredes aldus opgestel.

### 2. Bewuste Spraak.

Dit word aangeneem dat ons bewuste handeling en natuurlik ook ons spraak bestuur word vanaf die harsingskors van die linker harsingshelfte maar dat die emosionele kleur verskaf word, ons gevoelshandelinge gesetel is in die primitiewe brein of thalamus. Dit veronderstel dus 'n duwwelde kontrole.

(a) Die bewuste handelinge leer die individu na hy in die wêreld gekom het. Hierdie leerproses [1] is wat die brein betref, 'n namekaar-toe groei van die senuweeselle se uiteindes, sodat daar 'n samestrengeling van die geleidings-senuwees in die sinaps plaasvind. Hoe meer oefening hoe nader die senuwee-uiteindes na mekaar-toe groei, en die leerproses is volmaak wanneer die samestrengeling heeltemal voltooi is. Deurdat die senuweepaadjies van die neurogramme in onbruik verval, kan dit gebeur dat die sluiting van die sinaps weer verbreek word, met die gevolg dat opnuut moet geleer word, waar die geleerde reeds vergeet is.

Die snelheid of volmaaktheid van hierdie leerproses hang af van: (a) die fisieke en neurologiese bou van die indiwidu — die Voorsienigheid bepaal dat g'n twee persone eners is nie; (b) die ondervinding wat die indiwidu in die verlede deurgemaak het, d.i. hoe deeglik die neurogramme gevorm is en eindelik (c) word 'n mens se reaksie op 'n prikkel bepaal deur die teenwoordige toestand waarin die indiwidu hom mag bevind. Hierdie teenswoordige veronderstel die verskillende invloede wat op die indiwidu op die gegewe oomblik inwerk.

En so ook word die betekenis van woorde bepaal deur die oorerwing uit die verlede en deur die huidige omgewing waarin die woord voorkom, die verband waarin dit gebesig word.

### 3. Gevoelsuiting.

(b) Die *gevoelshandelinge* wat vanuit die thalamus bestuur word is refleksbewegings, wat miskien later deur veelvuldige gebruik ook onder die wils-kontrole staan, soos

1) Die nuwe teorie van hoe die leerproses in die harsings plaasvind is so ingewikkeld dat skrywer daarvan afgesien het om dit in hierdie elementêre handleiding weer te gee.

ons dit by toneelspelers e.d.m. vind. Daar is geen uiting van ons wat nie gekleur is deur die gevoel nie. Die eerste geluide van die pasgebore kind is suiwer refleksuitings, maar ook later, na hy die spraak aangeleer het en bewus gebruik, vind ons die samespel van refleks en onbewuste in die spraak. Ons weet dat met vrees die spraak geïnhibeer word, of heeltemal versaak; ons weet dat opwinding spanning van spiere bring en 'n gevolglike verhoging van intonasie-toonstreek, en omgekeerd, dat verslapping van spiere en lae eentonige tone die gevolg is van terneergedruktheid en geestelike insakking. Daar moet 'n ooreenkoms wees tussen die psigiese ondervinding en die fisiologiese uiting, anders sal die verstaanbaarheid van die spraak daaronder ly: vanuit die brein vind dus 'n gedurige kontrole van die twee harsings-gedeeltes plaas.

Dis die „gevoelstoon" wat die persoonlike kleur aan 'n uiting gee: dis hoofsaaklik hierdeur dat 'n voordraer wat homself in sy gedig kan inlewe, in interessanter en boeiender weergawe gee as diegene wat in vervelende en ondeurvoelde spraak dieselfde gedig weergee. Maar dié persoonlike „gevoelstoon" is eie aan die individu wat dan voordra, en dit sal derhalwe op 'n mislukking uitloop as die afrigter of onderwyser probeer om sy interpretasie op die leerlinge af te dwing, soos so baie op kunswedstryde teëgekom word, en wat dan uitloop op 'n meganiese, ondeurvoelde weergawe.

Die gevoelsuitdrukking word geopenbaar in die vier eienskappe van stem en spraakklanke, nl. klankkleur, toonhoogte, duur en krag.

(a) *Stemkleur en Klankkleur.* Hoe dikwels by die lees van 'n gedig word ons nie getref deur die klanksimboliek nie, die gevoelswaarde wat in die klank self opgesluit lê: bv.:

„met dofsware plof, soos koeëls in die stof
Val die eerste druppels neer"?

Sommige persone verbind sekere kleure aan bepaalde vokale.

Ligte stemkleur, of vokale waarvan die deel-tone hoog en sterk is, druk opgeruimdheid uit, terwyl swaar stemkleur met versterking van die lae deeltone, of vokale

waarvan die deeltone laag is, gebruik word om treurigheid, gewigtigheid uit te druk. Ons vertel spookstories met 'n hol, vreesinboesemende stem, terwyl grapperige verhaaltjies begelei word met 'n helderder, ligter stemkleur. Kaiser sê dat 'n eksplosief, p, t of k, iets kortdurends, iets kragtigs het wat na buite tree: by nasale 'n gewaarwording is van iets innerliks of innigs, iets wat in sigself beslote bly: met *ie* word wat klein is, met *aa* word wat groot en ver is weergee.

Die gedigsfragment wat hier volg, is natuurlik op die suiwer gevoelswaarde van die spraakklank gebaseer:

Oiai láela oia ssisialu
Ensúdio trésa súdio Mischnumi
Ia lon stuáz
Brorr Schjatt
Oiázo tsuigulu
Ua sèsa masuó tülü
Ua sésa maschiató toró (Rudolf Blümer).

Ons weet dat by onlus-gevoelens die harde begin van aanvangsvokale verskerp word, dat met nadruk selfs geaspireerde stemlose eksplosiewe van die ongeaspireerde stemlose gemaak word: bv.: *„Die tándeborsel, thande, thande."* In die geval van boosheid sal die spraak 'n staccato-agtige verloop hê, terwyl in die geval van geestelike verlamming die spraak 'n legato-agtige aaneenloping en vertraging ondergaan.

In gevalle van hoë gevoelswellinge kan dit maklik voorkom dat 'n persoon sy klanke verander; stemhebbend maak wat stemloos behoort te wees, en omgekeerd. Dit het gebeur dat sprekers 'n bepaalde spraakklank uit hulle spraak geweer het in bepaalde gemoedstoestande.

(b) *Stemtoon en intonasie; krag van spraak en nadruk; duur van spraak en klankduur.* Ons neem hierdie drie elemente saam omrede hulle so moeilik te skeie is. Ook hierdie elemente is, afgesien die feit dat hulle die draers van die logiese betekenis is, onderhewig aan biologiese veranderings van gevoelsuiting. By die bespreking van intonasie het ons reeds melding gemaak van die verband tussen toonhoogte en betekenis, d.i. toon-simboliek: klein, teer, pragtig, byv., word met hoë

toon weergegee; groot, lelik, vreesaanjaend deur 'n lae toon. Ook die dalende toon van die bewering simboliseer afdoendheid, terwyl die stygende of swewende toon, onklaarheid, twyfel, onsekerte laat aanvoel. Kaiser sê dat selfs hier 'n lae toon byv. 'n verontwaardiging oor wat *klein* is kan weergee en hang die gebruik van die toon ten nouste saam met die gevoelswaarde van die oomblik.

Luidheid van die te kragtige natuurlike stem sal gedemp word by 'n sieke, by 'n begrafnis, by oomblikke waar dit steurend kan inwerk op die gemoedstoestand van jou hoorders. Ook by wat klein en teer is, sal groot luidheid vermy word, terwyl krag sal gebruik word om 'n groot, kragtige gebeure te skilder. Hierdie krag het niks te doen met die logiese kragsverdeling in die woord of die sin nie. Kaiser wys op die verband tussen luidheid, krag en toon, en sê dat iets jongs, sterks, lenteagtig met kragtige stem aangedui word, terwyl vir die verkwynende, herfsagtige die stem laag en swak moet gehou word.

Verandering wat tydsduur betref, hang ook baie nou saam met gevoelsuiting. Stadige afgemete spraak het 'n heeltemal ander uitwerking as 'n vinnige gejaagde uiting. As 'n mens oor verre afstande praat, word die spraakklanke ooreenkomstig gerek. Dink aan emfatiese verlenging van konsonante en vokale; bv. *ek voel naarrr; jaaa man; kôm nou*, e.d.m. Dink aan die gebruik van die emfatiese pouse: *ek het jou dit dui-de-lik-ge-sê*. Om 'n terneergedrukte stemming weer te gee, word die duur vertraag, en 'n opgewekte lewendige voordrag word weer gekenmerk deur vinniger opeenvolging van klanke. Heinitz het gevind, dat by verskillende gemoedstoestande die verhouding van die relatiewe duur van konsonante tot vokale versteur word.

By die voordrag moet ons dus baie versigtig wees dat ons nie deur ons persoonlike gemoedstemming op die gegewe oomblik die emosiele begeleiding wat by die inhoud pas, laat versteur nie. Die logiese in die spraak gee ons net 'n sketsplan van die spraakbeeld weer, maar die biologiese wysigings in die uiting bring die kleur en lewe daarin. Dis daarom, dat dit so besonder belangrik is by die voordrag dat aan die logiese inhoud, 'n deurvoelde gevoelsinhoud hom moet paar.


**4. Liggaamlike Uitdrukking.**

Soos hierbo uiteengesit, word alle betekenis logies sowel as emosioneel uitgedruk. Gedagte en gevoel is nooit geskeie nie. Emosies word gekenmerk daardeur dat dit nie beperk is tot een bepaalde liggaamsdeel nie, maar is die algehele wese by die uiting daarvan betrokke. 'n Deel van die emosionele reaksie word geopenbaar in ons gelaatsuitdrukking, in die bewegings van ons hande en ander beweeglike liggaamsdele, in die rompstand, in die gespannenheid of ongespannenheid van die bewegings van die organe. Hierdie „uitdrukking" van die emosie is natuurlik bloot 'n inwerking van die gevoelsentrale op die breinboodskappe vir die besturing van die spiersametrekkings van die verskillende liggaamsgedeeltes.

As persone dan hierdie bewegings sien, word hulle al dadelik daardeur beïnvloed, omdat hulle in die verlede kennis gemaak het met dieselfde uitdrukkingsvorms. Hierdie feit word deur toneelspelers veral gebruik om 'n sekere verlangde reaksie by 'n gehoor te wek, dis te sê as hulle goed kan toneelspeel.

Gelaatsmimiek, gebaar, handeling, beweging vorm die plastiek of die swygende uitbeelding in die toneelspel, asook in ons optree teenoor ons medemense, en veral die eerste twee in die voordrag. Maar verstaan goed, dis nie dinge wat afsonderlik bestaan nie en ook van die spraak geskeie is nie, alhoewel ons weet dat in die panto-mimiek, of in die stil rolprent, net hùlle tot ons spreek. Nee, hulle gaan saam, ondersteun mekaar: die visuele prikkels vul die gehoorprikkels aan. Waar by die gevoelsuitings die minste twyfel bestaan betreffende die egtheid daarvan, waar die gebaar of die mimiek, 'n aangelapte, ondeurleefde en bewus-voortgebringde uitdrukkingsvorm is, daar sal dit onmiddellik steurend en lagwekkend op die hoorder inwerk. Die gebaar en die mimiek is alleen dan in die voordrag aan te bevele wanneer dit nie 'n naäpery van die werklikheid is nie, 'n aangeleerde plooitrekkery, of verspotte oorbodige armswaaiery nie, maar 'n deurleefde werklikheid, 'n spontane drang tot uitdrukking, gedra deur die gevoelswellings van die oomblik.

Dis onmoontlik om in hierdie kort bestek in te gaan op die verskillende teorieë van mense soos Piderit, Klages, Darwin, Rutz, Lersch, Van Ginneken, e.a.




Gesigspiere sydelings en van voor (na Hans Virchow)

## 5. Indeling, Liggaamlike Uitdrukking.

Ek laat hier 'n indeling volg van die „ekspressiewe uitdrukkingsmoontlikhede" volgens dr. H. Strehle in sy interessante werk *Analyse des Gebarens.*

I. *Primêre Vorms.*

Primêre vorms, waarby 'n oorspronklike genetiese verband is tussen sielsbelewing en liggaamlike uitdrukkingsvorm, word onderverdeel in bewegingsuitdrukkingsvorms en statiese uitdrukkingsvorms.

A. *Bewegingsuitdrukkingsvorms.*

(a) Refleksiewe vorms wat 'n motoriese reaksie is op sensoriese prikkels: vaste stof in die strottehoof gee, byv. hoesprikkel. Hulle word alleen daar 'n uitdrukkingsvorm, wanneer 'n sielstoestand daaraan verbind is: bv. skrik snoer strottehoof-toe en laat ook hyg of hoes na asem ontstaan.

(b) Reaktiewe vorms wat op 'n sekere biologiese doel gerig is, sonder dat die individu juis die bewegings uitdink. Soos by (a) word hulle ook dan uitdrukkingsvorm, wanneer 'n sielstoestand daaraan verbind is.

As 'n individu 'n bitter smaak op die tong het wat onlus-vol aangevoel word, word bewegings uitgevoer om hierdie gevoel te stuit: die mond hang oop om die voorwerp te laat uitval; die mondhoeke hang af sodat die bitter speeksel kan uitloop; die lippe krul om, om nie in aanraking te kom met die bitter voorwerp nie — alles om 'n onaangename gevoel te keer.

Ook die toeknyp van die oë by skerp lig of as iets in die oog kom en die daaropvolgende traansyfering om die voorwerp uit te spoel, is 'n uitdrukkingsvorm wat nie bloot refleksief is nie.

(c) Aksievorms wat subjektief-planmatig is. Jy strek jou hand uit na iets begeerliks met die doel om dit te vat. As jy in 'n geveg betrokke is, bal jy die vuis om 'n ander te kan slaan.

B. *Statiese Uitdrukkingsvorms.*

(a) Orgaanvorms. Hier is die psigiese funksies wat aan die organe van die liggaam verbonde is, die grondslag dat genoemde organe met die psigiese verbind is, byv. die oog is 'n sienende oog, die hand 'n grypende hand.

(b) Toestandsvorms: Onwillekeurige toestandsvorms wat terselfdertyd 'n uitdrukking van ooreenkomstige sielsrusstand is. Die slapende, die persoon in 'n floute of onder narkose, wek by jou 'n gevoel van rus.

(c) Houdingsvorms: Willekeurige houding wat die persoon se „sielshouding" weergee: byv. op die jagter wat stil wag op wild, is sy sielshouding te lees.

Natuurlik bestaan daar mengvorms van hierdie primêre vorms. Uit hierdie primêre vorms het die sekondêre uitdrukkingsvorms gegroei.

II. *Sekondêre Vorms*:

A. *Analogievorms.*

Die emosionele inhoud is behou, maar het nou nie meer betrekking op die oorspronklike voorwerp nie, maar op 'n analoë, geestelik-gesublimeerde, wat die plek van die oorspronklike inneem.

(a) *Kinetiese of Bewegingsanalogie.*

(i) Refleksanalogie, wanneer by gebrek aan 'n genoegsame uiterlike prikkel die sielstoestand dieselfde is as dié wat deur die prikkel ontstaan en daardeur uitdrukking ontstaan. As die sielstoestand byv. dieselfde is as wat hoes laat ontstaan en 'n hindernis is dan sal dit sekondêr 'n hoesuitdrukking ten gevolge hê.

(ii) Reaktiewe analogie, byv. waar 'n bitter sielstoestand die resultaat het: bitter uitdrukdingsbewegings, of byv. waar treurigheid 'n gevoel van behindering vir die oë laat ontstaan en trane ten gevolge het.

(iii) Aksie-analogie, byv. as iemand vuismaak, wanneer hy toorn-opwekkende nuus kry.

(b) *Statiese Uitdrukkingsanalogieë.*

(i) Analogie tot die orgaanvorms. Die funksies van die organe, veral die sintuiglike organe, word gevestig op die gemoedstoestand. soos byv. oë wat op iets geesteliks gevestig is.

(ii) Toestandsanalogie. Onwillekeurige, blywende houdings wat nie onmiddelbaar fisiologies bepaal is nie, en meer geestelik gerig is, ' .'l deur vergelyking met 'n fisiologiese to-stand

duidelik word. Die algemene gevoelloosheid van iemand wat treur, kan vergelyk word met 'n rein liggaamlike verslapping.

(iii) Houdingsanalogie, soos van 'n persoon, besig met 'n moeilike verstandelike probleem wat in een gespanne houding bly sit.

B. *Rudimentêre Vorms.*

Rudimentêre vorms ontstaan uit die primêre deur afslyping en verswakking. Slegte nuus byv. laat net die mondhoeke daal van die hele bitter-reaksie. Hierdie brokstuk word dan die totaalvorm van die uitdrukking. Ons kry hier ook rudimentêre analogievorms, soos slegte stemming wat die mondhoeke laat hang (om speeksel af te voer). Soet weer het die teenoorgestelde beweging om te verhinder dat speeksel wegloop: as ons lag of soetlag, trek ons deur die lagspier die mondhoeke sywaarts en op. Dit verklaar alleen die mondstelling van lag. Net so neem Darwin aan dat tandekners by woede filogeneties teruggaan op die voorvaderlike byt-lus as die bakleislag kom.

III. *Tertiêre Vorms.*

Naas die uitdrukking van 'n sielsgebeure het die persoon ook 'n bewuste doel met die uitdrukkings.

A. *Bekendmakingsvorms.*

Hierby wil die persoon ander deur gebaar, òf deelgenot maak van sy sielstoestand, òf hy wil sy sielstoestand verberg, met 'n opsetlike verandering. Vergelyk die kind wat huil om simpatie te verkry.

B. *Simboliese Uitdrukkingsvorms.*

Òf die vorm, òf die betekenis daarvan word as simbool geneem vir die werklike voorwerp of gebeure. Eersgenoemde gee ons die pantomimiese uitdrukkingsvorms, soos wanneer ons iemand se figuur met die hande aandui, en die tweede gee ons die gebaar of „geste" (die ekspressiewe analogievorm van die uitdrukkingsbetekenis), soos wanneer 'n redenaar sy arms omhoog hou as hy hom op die Allerhoogste beroep.

C. *Gestiliseerde Uitdrukkingsvorms.*

Gestiliseerde uitdrukkingsvorms wat estetiese omvorming ondergaan het, soos die kuns-danse en euritmie.




Gesigsmimiek van die Toneelspeler.
A. Borèe uit J. van Ginneken se Gelaat, Gebaar en Klankexpressie
met vriendelik vergunning van die outeur

## 6. Gesigsmimiek.

Na hierdie uiteensetting van die verskillende soorte uitdrukkingsvorms, wil ons hulle 'n bietjie van naderby beskou. Hier word dankbaar gebruik gemaak van J. van Ginneken se mooi werk, *Gelaat, Gebaar en Klankekspressie.*

*Gesigsmimiek.* Waar die ou gesegde beweer dat die oog die spieël van die siel is, daar kan ons dit van die hele gesig sê. Die gesig verraai maar al te dikwels wat in die hart omgaan. Hierdie gesigsmimiek kan in twee verdeel word: (a) orale-mimiek, dis die trekke om die mond, waar die snoerderspiere, die lagspiere, die optrekkers van die bolip of die aftrekkers van die onderlip, die triangularis wat die mondhoeke aftrek, die vernaamste veranderings teweegbring, en (b) optiese mimiek, waarby ingesluit is die voorkop; hier laat veral die oog-snoerderspiere die wenkbrou en ooglidspiere en die voorhoofspiere (m.frontalis), die vernaamste veranderings ontstaan.

A. *Orale Mimiek.*

Van Ginneken beweer dat die mimiese trekke om die mond eers verbind is aan die handelinge van eet en drink, en hoofsaaklik terug te voer is na die verskillende trekke wat om die mond kom, as ons iets soets, bitters, souts of suurs proe. Ons weet dat die smaaksenuweepapille vir bitter agter op die tong lê, vir soet voor, vir suur aan die kante, en vir sout orals behalwe in middel waar geen smaakpapille is nie. Hierdie trekke beweer Van Ginneken (ook Strehle, sien bo), is gaandeweg geassosieer aan die gevoelskakerings wat met die verskillende mondgebruike verbonde is, en dus het die gewaarwordings van die ander sintuie wat met gelyke gevoelskakerings gepaard gaan. aanleiding gegee tot dieselfde mimiese lyne. Dis die gelykheid van gevoelstoon wat dan oorsaak is dat hierdie analogiese bewegings ontstaan:

By orale mimiek merk ons op:

(a) Soetigheid laat die punt van die tong voor aan die lippe kom en die wange word vas tussen die tande gedruk. Hierdie tuitmond is ook karakteristiek vir die genot van soet geluide. soet geure, soete vreugde, soete herinnering, e.d.m.

(b) Iets bitters in die mond trek die tongwortel af, laat die sagte verhemelte opgaan; die mondhoeke trek af en die neusvleuels gaan oop, sodat skerp gemarkeerde lyne van die mondhoeke na die neusvleuels loop. Hierdie trek van bitterheid kom ook by bittere koue, die gevolg van bittere woorde of verwyte, bittere nood, e.d.m.

As die bitterheid walging word, dan gaan verhemelte en tong so ver van mekaar, dat die lippe oopgaan, die tong uithang (om die bitter voorwerp kwyt te raak). Ons vind hierdie trek by haat, afsku, veragting.

(c) Die mondspleet word wyer (soos by ie) by 'n suursoet smaak. Die mondhoeke trek op, om die speeksel binne te hou, daar kom kuiltjies in die wange. Ons vind die trekke by prikkelende geure, 'n fris windjie, maar ook by liefde en lewensgeluk.

(d) As die suur te kwaai word, word die oë toegeknyp, die mond wyer gereg, die mondrande na binne getrek om so min suur as moontlik te proe: neusvleuels en bolip word gelig. Die suur gesig druk sure arbeid en suurverdiende loon uit. Uitermatige suurheid as die neusvleuels sak, teken die huilende gesig en openbaar droefheid en sielsverdriet.

(e) As die fynproeër iets wil keur, word die tong uitgerek en so na binne gebuie dat die vog nie langs die ongevoelige dele van die tong gaan nie. Die lippe word getuit. Diè trek kenmerk die persoon wat krities iets keur, die dokter wat die pols van die pasiënt voel, die krities-gestemde wat luister na musiek, die beoordelaar van 'n skildery.

(f) As daar tussen sagte kos iets hards voorkom wat ons fyn wil hê, dan hou ons dit met saamknypende lippe tussen die tande en byt; die onderlip word na bo getrek en die kenplooie wat van die middel van die onderlip, afloop, word gesien. Dit is die „verbytende" trek, 'n kenmerk van edele standvastigheid, maar ook (met veranderinge van houding van kop en oë), van bekrompe trots en eie-sinnigheid.

(g) As die harde voorwerp weier om stukkend te gaan, dan maak ons die lippe oop om al die spierkrag in die saampers van die kake te bring; die tande word ontbloot en

die gesig kry 'n pynlike, hartstogtelike trek. Dis die knersende houding van oormatige woede en wreedheid. (Vgl. die Darwinistiese uitleg hierbo).

B. *Optiese Mimiek.*

(a) As iets van naby besigtig word, word die oogasse namekaar toe gebuie. Deur die vastheid van blik word vasberadenheid en energie uitgedruk.

(b) As na iets in die verte gekyk word, loop die oogasse parallel. Dit gee aan die blik iets vraends en afwagtends.

(c) As jy omhoog kyk dan loop die oogasse miskien uitmekaar. Die blik wat iets swewends kry, word aangetref by 'n gelowende, vertrouende, of opwaarts-biddende uitdrukking, of as 'n verhewe ekstatiese gevoel. Baie wit van die oogappel word dan sigbaar, 'n simbool van 'n verhewe godsdienstige gevoel.

(d) Die kop word afgebuie deur iemand wat ongemerk iets begluur, om die indruk te skep dat hy g'n aandag gee nie, onderwyl die blik skuins omhoog gaan na die voorwerp waarin belanggestel word. Ons vind die kyk by wantrouende belangstelling, by koketterie en by twyfel aan een of ander teorie.

(e) As die lig te skerp is, trek ons die wenkbroue saam, met die gevolg dat twee regaf plooie tussen die wenkbroue gevorm word. Hierdie rimpels is tipies vir onaangename gewaarwordings en gemoedsaandoenings, en versterk die bitter en suur gesigte. Dis die trek wat by liggaamlike inspanning gevind word, maar veral by skerp luister, iets in geheue roep, diep nadink, e.d.m.

(f) As die lig skielik verander, ruk die een ooglid omhoog. Hierdie gevoelskok word dikwels vergesel van 'n oop mond, opgetrekte neusvleuels en opgetrekte oorlelle. Aldus die uitdrukking van alle plotselinge handelinge wat verrassing, verbasing uitdruk. By mense wat hulle gedurig verwonder, is so 'n uitdrukking blywend, hulle wat 'n oop oog, 'n oop hart, 'n ontvanklike en opgewekte gemoed het.

(g) By spierverslapping wat die gevolg van moegheid is, hang die mond slap oop, die ken daal, en die persoon kry 'n lang gesig. Die ooglede val kragteloos half toe, en daar word slaperig uit die oë gesien. As so 'n trek

permanent word, druk dit luiheid en domheid of neerslagtige droefheid uit.

(h) As iemand huil wil belet, dan span ons die middelste bundels van die voorhoofspier en die neertrekkers van die mondhoeke. Die wenkbroue word daardeur opgetrek in die middel, hang skuins af en twee kort diep plooie kom in die middel van die voorkop met daaronder twee regaf rimpels. Die mondhoeke word kragtig omlaag gedruk. Dit gee aan die gesig 'n dieptreurige, patetiese uitdrukking.

**7. Pantomimiek — Die Gebaar.**

Die handeling, aldus Van Ginneken, word eers dan tot gebaar, wanneer die nuts-element weggeval het en dit louter die bedoeling is om iets innerliks sigbaar te maak. Hierdie gebare werk ten nouste saam met die mimiek om die gewenste gevoelsuiting te gee en is soms moeilik te analiseer. Derhalwe, waar die gebaar deur die afrigter aan die voordraer *geleer* word, loop dit gevaar om hopeloos te misluk, omdat dit nie deel is van 'n gesamentlike ekspressiwiteit van die emosies nie. So 'n gebaar is leeg, omdat dit nie beleef is nie. Dis daarom wat sommiges by die voordrag gebare afkeur. Dog gebare en mimiek, gedra deur die gevoel, het soms meer uitdrukkingswaarde as die woorde self en sal die kunstenaar van die naäper skeie.

Die psigologiese betekenis van die gebaar word as 'n opsomming uit Strehle se genoemde interessante werk gegee:

**KOPBEWEGINGS.**

*I. Reguit.*

(a) *Op en af*: Intrek van ken met gelyktydige optrek van skouers, dui aan 'n strewe na selfbeskerming by 'n bedreigingsgevoel; die dekking van die nek is karakteristiek vir versigtiges en wantrouendes. Waar dit ook by koketterie gevind word, is dit 'n beskermingshandeling teen 'n vermeende bedreiging: hieruit ontstaan dan die erotiese spel. Bloot intrek van die ken dui hardkoppigheid aan, terwyl 'n op en af van die skouers as herhalingsbeweging, twyfel uitdruk.

(b) *Oprig van Kop.* Nou is daar geen bedreiging en dui dit selfversekerdheid, vryheid aan, bereid wees vir die daad.

Gaan die liggaam agteroor en die ken in, dui dit verrassing wat jy willig tegemoetgaan. Volle toewending met 'n regop kop is 'n teken van openlikheid, vrymoedigheid. 'n Skewe kop hier dui optimisme aan. Is beide blik en kop styf-geforseerd, voel ons hier die onbeskaamde, vermetele wat indruk van vrymoedigheid en selfversekerdheid probeer skep. 'n Oordrewe steil kopstand sonder 'n egte blik-kontak van bo na onder, dui aan hoogmoed, veragting, trots, hardkoppigheid; met spannings in die nek, dui dit die halsstarrige aan en as die kop te ver agteroorgaan, dat die neus die lug kies, is dit 'n aanduiding van „neusoptrekkerigheid." 'n Reguit kop met algemene verstywing, dui selfgevoel van die gevoelige persoon aan.

(c) *Teruggooi van kop met 'n ruk.* Die ken is omhoog en die nek oop. Dit wys trotsering van gevaar en toon moed en uitdaging. Met blik na onder kan dit heersug wees of uiting van outoriteitsgevoel. 'n Herhaling van die beweging druk uit 'n eis om verklaring, of 'n protesaantekening.

As die kop weer stadig na vore kom, wys dit trotsdinamiek van iemand wat weet daar is geen gevaar nie, maar darem bang is vir bedreiging. As die kop na 'n spanning plotseling slap terugval, is dit 'n aanduiding van geringe krag tot weerstand, en van weekheid.

(d) *Die ontspande teruglê van die kop in die nek* is 'n stadige beweging wat getuig van 'n passiewe sielshouding, gemak, sorgloosheid, 'n oop wees vir nuwe idees. As die oë daarby gesluit is, kan dit beteken 'n oorgawe aan genieting. Iemand wat graag hierdie houding aanneem is swak, genotsugtig, traag of dromerig.

(e) *Die laatsak van die kop* kan vermyding van mense beteken, en selfs nadenkende, trotse, pruilerige skakerings van die gevoel voorstel. Met 'n skuins blik na onder beteken dit verleentheid. Is daar gebrek aan motoriese spanning kan dit aanleiding gee tot deemoed, skugterheid, 'n bereid wees tot onderworpenheid.

Die laatsak van kop hang ook saam met die grootte van die persoon en moet dan anders gedui word.

'n Gesenkte kop gee 'n kans vir heimelike beloering as die oë opgedraai word. Is die oë oopgerek dan is daar

onderwerping met vrees. Is die oë half-toe dan is die persoon op 'n doel gerig en gladnie so onderworpe as wat hy lyk nie.

As daar g'n spanning in die nek is nie, val die kop op die bors. Dis 'n teken van wilswakke apatie en depressiviteit.

(f) Die kop kan vooruitbeweeg om nader aan die bron van die prikkels te kom met die sintuie. Die psigologiese korrelaat is interesseerdheid, wat met haat, vreugde of ywersug verbind mag wees.

II. *'n Gedraaide kop om 'n vertikale as.*

(a) Volle toekering met matige spanning dui aan selfversekerdheid, bereid wees vir handeling, vrymoedigheid.

(b) Onvolkome toewending kan belangstelling met die oë wys maar nie met die kop nie, wat op traagheid en luiheid kan slaan.

'n Mens kan op diè wyse skelmagtig na die kant loer. Wanneer hier die oogspleet vol-oop is en die kop geplooi, slaan dit op besorgdheid of op 'n sku nuuskierigheid van iemand wat klaar is om te vlug. As die spleet daarenteë vereng is en daar is regaf plooie tussen die oë, dan dui dit op verdekte aanvalsplanne, op argwaan.

Hierdie houding kan ook minagting beteken, of hoogmoedigheid, waar die kop nie heeltemal na iemand gedraai is nie.

(c) 'n Heeltemal wegdraai van die kop beteken ontkenning.

*III. Sydelings Hang van Kop.*

Die ontspanning van die nek-muskulatuur kan in verband staan met passiviteit, sentimentaliteit, apatie, treurigheid, of onderworpenheid. Tussen mense is dit 'n bereidwilligheid om 'n ander se wil te verstaan, wanneer jy jou kop na iemand toe laat hang om byv. beter te hoor. As daar 'n gelyktydige liggaamsbeweging weg van 'n persoon is, kan dit ontwyking beteken. 'n Sydelingse heen en weer beweeg van die kop dui 'n onbeslistheid tussen instemming en afwysing aan, dus 'n besluiteloosheid wat om te doen.

## SKOUERBEWEGINGS.

| *Motoriese Gebeure* | | *Psigiese Korrelaat* |
| --- | --- | --- |
| Hoogtrek van skouers | — | Gevoel van bedreiging. |
| Senking van skouers | — | Gevoel van vryheid en self-versekerheid. |
| Toetrek van skouers | — | Onbevreesdheid, tot daad bereid wees. |
| Vorentoe val van skouers | — | Geringe lus om iets te doen. |
| Vorentoe druk van skouers | — | Angstige strewe om te beveilig. |

## ROMPBEWEGINGS.

Die boonste rompbewegings hang heelwat met die asemhalingsbewegings saam. 'n Uitgestote bors beteken dat die persoon bereid is vir handeling, self-versekerd is. Oordrewe uitstoot dui op spogsug. 'n Kromming van die rug met ingeengde bors wys op 'n veiligheidstrewe, maar kan ook gebrek aan ondernemingsgees beteken. Om jou liggaam na iemand of iets te buie wys belangstelling, 'n vinnige terugname openbaar verrassing.

'n Intrek van die *onderste* liggaamsgedeelte is 'n veiligheidstrewe, veral waar hande en arms as bedekking bykom. 'n Herhaalde intrek van die onderste dele wys angs, besorgdheid, skrik. 'n Uitdruk van die maag wys traagheid en gebrek aan dissipline. Waar dit 'n lewenshouding openbaar slaan dit op die robuuste, onbekommerde persoon, of dit kan selfs 'n uitdagende houding openbaar.

## HANDE- EN ARMBEWEGINGS.

Die hande en die arms is werktuie van handeling en 'n mens kan uit die bewegings daarvan sien of die persoon traag is en of hy bereid is om te handel.

By die persoon dui hangende arms op passiwiteit; vallende arms op ingee en teleurstelling. „Gedrae" arms, wys dat hulle net klaar is vir die werk. Wanneer 'n persoon sit, rus sy hande in die skoot, of op jou bene, of op die leunings van 'n stoel. Ook hier kan die houding van die hande en arms passief of aktief wees.

Spelende hande is 'n teken van opwinding, van senuweeagtigheid, vertwyfeling of bevangenheid as die beweging nie ritmies is nie. By die ritmiesspelende hande

wys dit dat die persoon die toestand meester is en dat hy wil poseer.

Op die bors gevoude arms dui op gedeeltelike isolering, of afwagting. Hierdie houding tesame met die kop agteroor en die mondhoeke af, toon uitdaging.

Hande agter die rug wys dat die persoon hom onttrek aan die besige wêreld, 'n houding wat by teruggetrokke nature pas.

Waar hande in die broeksak gesteek word, dui dit gebrek aan belangstelling in die handeling, terwyl dit as onhoflik teenoor vreemdes gevoel word. Wanneer hierdie beweging vinnig geskied en met uiterlike spanning, toon dit 'n opponerende wilshouding.

*Sluiting van hand.* 'n Vuis is 'n teken van geestelike konsentrasie, terwyl 'n gespanne vuisteballery dui dat 'n persoon teen onlus-prikkels stry. Die vuis is ook 'n wapen en kan as 'n teken van woede of aggressiwiteit gereken word. Die enkele gebaar moet saam met die ander gebare gereken word.

Die gryphand wys op 'n vashou van die voorwerp, en die psigologiese betekenis kan varieer van eiesinnigheid tot angsvolheid. Ons ken die stadium van draai aan knope wat op bedreiging slaan en op senuweeagtigheid.

*Oopmaak van hand.* Die handpalm na boontoe beteken primêr: vra of nooddurftigheid. Oopgaande vingers simboliseer skenking. Vergelyk maar die redenaar wat sy ware aan die gehoor gee, en, as die beweging heftig word, hulle dit voor die voete gooi. Wanneer die beweging met reguit stywe vingers gedoen word, sê dit: „dis tog so duidelik."

As die handpalms na binne gekeer is en die arms beweeg na buite toe, beteken dit dat iets die hande ontgly. Psigologies slaan dit op 'n kraglose tevrede-wees en met 'n gelyktydige optrek van die skouers, 'n hulpelose radeloosheid. Word die beweging vinnig gedoen dan spreek dit van kort en klare belangloosheid. Die vinnige beweging van regs na links of omgekeerd, soos 'n slag, wys op 'n onlustoestand.

Word die handpalm na vore gedraai, dan word aangetoon dat g'n wapen in die hand is nie en wil dit vriendelike gesindheid openbaar.

As die hand na onder beweeg met verspreide vingers, moet iets neergehaal of afgeweer word: anders kan dit ook 'n vraag na stilte beteken.

Waar die wysvinger in 'n sekere rigting gesteek word, wil dit die aandag op een bepaalde punt vestig, of net die aandag vra.

*Handbewegings.* Vinger in die mond steek is 'n infantile verskynsel, daarom dat dit gedoen word as 'n hele klomp prikkels, veral van visuele aard, tegelyk kom, en die persoon nie weet watter kant toe nie. Kan ook op verleentheid by kinders slaan.

Ook die aanvat van die neus, het met die menslike ontogenese te doen, waar die neus, as sintuig, uit die moeilikheid moet help. Dit kan 'n pose van nadink beteken, eintlik 'n passiewe oorgawe aan gesigsprikkels.

Om jou ore en oë te vrywe — oorspronklik 'n onlusbeweging — is om onsekerheid voor te stel, of die sku wees vir verantwoording.

Oor die voorkop en skedel te stryk is 'n teken dat jy lastige voorstellings wil verdrywe.

Bewegings om die gesig te verberg, kan 'n uitdrukking van verleentheid wees, of een van geslotenheid. Die mond word toegehou om 'n skree of lag te onderdruk. Die neus word toegehou as 'n gebaar dat iets jou nie behaag nie. Die kop word gestut as 'n uitdrukking van konstante opmerksaamheid.

Aan die hand as 'n voel-orgaan kan 'n betekenis verbonde wees. Die vingertoppe word teenmekaar gedruk as fyn geluister word — 'n fyngenuanseerde oorgawe aan sintuiglike indrukke. As die duim en die wysvinger se toppe teenmekaar gelê word, is dit 'n aanduiding van die fynproewer, van subtiele opmerksaamheid. Handevrywe is 'n beweging wat 'n algemene sielsbevryding weergee.

Gebare, asof iemand oor iets stryk, dui op die gekultireerde-genieterige persoon.

### BEWEGINGS VAN BENE EN VOETE.

*Staan.* As 'n mens staan, is jou gewig op altwee voete, of net op een been. Eersgenoemde staan-houding wys selfversekerdheid teenoor bedreiging, of selfs hardkoppige eiesinnigheid. Op een been staan kan beteken, òf vrygevoel in jou omgewing — psigiese aanpasbaarheid — òf 'n

voorgee van selfversekerdheid, waar 'n mens nie op sy gemak is nie, òf word deur mense gebesig wat g'n standpunt kan inneem nie.

*Loop.* 'n Mens kan òf doelbewus, òf doelloos loop. Jy het 'n ritmiese vrye gang as jy doelloos loop, of selfs ydel besig is met selfgenot. Steurings in die ritme wys 'n stryd teen impulse. Kort passies is van die versigtige, berekenende wese; middellang treë getuig van 'n beheerste wilshouding van 'n doelbewuste; 'n gebrek aan spanning en 'n duidelike maatgetrippel openbaar weer die angstige, opgewonde persoon. Die persoon wat heen en weer swaai is onbekommerd. Die kontak-sku persoon gee lang treë wanneer onopgemerk, maar word styf en verkort sy passies, wanneer hy voel dat 'n mens na hom kyk. Penregop en onritmies is die gang van die hoogmoedige.

*Sit.* Sit is 'n gedeeltelike russtand. Jy is ongespanne en die een been hang los oor die ander. Maar sodra ons wil handel, is die kop en bene gespanne, die hande op die sitvlak van die stoel of bank en die voete met tone op die grond, reg om weg te spring!

Hiermee het ek nie al die moontlikhede op verre na, weergegee nie, maar ek het probeer aantoon hoe belangrik die mimiek en die pantomimiek in ons alledaagse rede, in ons omgaan met mense is. Die feit dat ons gemoedstemming grotendeels hierdeur weerspieël word, is verontskuldiging genoeg dat ons so lank daarby stilgestaan het. Die voordraer, egter, word weer gewaarsku teen 'n ondeurvoelde gebruik van gebare en mimiek, maar waar hy wel deurvoelde gebare gebruik, moet hy nie weens vooropgestelde grondreëls teen gebare van sommige beoordelaars, gepenaliseer word nie.